6.
Saul

Vooraf

Vandat God vir Abraham uitgekies het om die vader van sy volk te wees, wou God hulle koning wees. Hy wou hulle lei en help – hulle moes aan Hom alleen gehoorsaam wees. Maar nou was die Israeliete nie meer hiermee tevrede nie. Hulle wou ook, soos al die volke rondom hulle, 'n mense-koning hê. Maar, 'n koning sou alles verander.

Vertel, vertel!

Samuel was al oud, sy hare was heeltemal grys. Vir baie jare lank was hy 'n profeet in Israel. In hierdie tyd het hy die Here getrou gedien, vir die volk gebid, hulle gelei en vir hulle God se boodskappe gegee. Samuel het sy seuns, Joël en Abia, as leiers aangestel, maar hulle was nie sulke goeie mans soos Samuel nie. Hulle was nie altyd eerlik nie en het omkoopgeld van mense aanvaar om maklik ryk te word. Die Israeliete het na Samuel gekom en gesê: "U seuns is nie goeie leiers nie, ons wil eerder 'n koning hê. Al die nasies rondom ons het mos konings om oor hulle te regeer. Gaan soek asseblief iemand wat ons koning kan wees."

Hieroor was Samuel baie ontsteld. "Wat nou Here?" het Samuel gevra. Maar die Here het gesê: "Dis nie jou skuld nie, Samuel. Dis nie vir jou wat hulle nie meer wil hê nie. Eintlik wil hulle nie meer vir My as koning hê nie. Jy kan maar vir hulle 'n koning gee. Verduidelik net eers vir hulle dat hulle vir die koning sal moet werk en vir hom van hulle grond en besittings sal moet gee." Dit het Samuel gedoen, maar die volk het maar net aangehou: hulle wou 'n koning hê.

God het self 'n koning vir die volk uitgekies. Hy wou iemand hê wat in die eerste plek aan Hom gehoorsaam sou wees. Die nuwe koning moes nie soos baie van die ander konings net ryk en tevrede in sy paleis woon en met baie vrouens trou nie. Hy moes vir God werk.

God het besluit om vir Saul, die seun van Kis, die nuwe koning van Israel te maak. Hy was 'n besondere lang en mooi man – hy was langer en mooier as enige ander man in Israel. Ook was hy 'n goeie leier. God wou hom graag gebruik om oor sy volk te regeer en hulle uit die mag van die Filistyne te bevry.

Saul het dit natuurlik nog nie geweet nie. Wanneer ons die eerste keer van Saul lees, is hy gewoon maar besig om sy pa se verlore donkies te soek. Hy en een van sy pa se slawe het lank gesoek en was op die punt om om te draai en huis toe te gaan toe die slaaf sê: "Samuel, die profeet, woon mos hier naby. Kom ons gaan vra vir hom of hy ons nie kan help nie." Saul het ingestem; hy wou graag die donkies opspoor en huis toe neem. God het die donkies wat weggeraak het gebruik om vir Saul na Samuel te lei. Toe Samuel vir Saul sien, het die Here vir Samuel gesê: "Dit is die man wat Ek as koning gekies het. As teken hiervan, moet jy hom met olies salf. Jy moet die lekkerruik olies oor sy kop uitgooi sodat hy en almal in Israel kan sien dat hy die nuwe koning is."

"Ek weet hoekom jy hier is," het Samuel vir Saul gesê. "Moenie langer oor jou pa se donkies bekommerd wees nie. Hulle is reeds gekry. Maar ek het 'n ander, belangrike boodskap vir jou van God af." Samuel het vir Saul vertel dat God hom as koning oor Israel wou salf. "Jy gaan nou vir God werk," het Samuel vir Saul verduidelik. "God gaan op 'n spesiale manier by jou wees. Jy moet vir Hom luister en aan Hom gehoorsaam wees."

So het dit toe ook gebeur. 'n Rukkie later, toe die hele volk bymekaar was, het Samuel vir Saul as koning gesalf. "Julle wil nie langer vir

God alleen as julle koning hê nie," het Samuel vir die volk gesê. "Dit is nie reg nie, maar God het gehoor wat julle gevra het en Hy het vir julle 'n koning gekies. Hierdie man Saul sal van nou af julle koning wees." "Lank lewe die koning," het die volk opgewonde geroep.

Aanvanklik het dit baie goed gegaan met koning Saul. Hy was gehoorsaam aan die Here en het sommer gou die Ammoniete, die volk wat vir Israel so gepla het, oorwin. "Die Here het ons gehelp," het Saul gesê. "Ons moet vir Hom dankie sê."

Maar ongelukkig het dit nie so gebly nie. Saul het van die Here vergeet. Hy het nie na Samuel se opdragte geluister nie en sommer gedoen wat hy gedink het reg is. Ook het hy, toe hy een keer raad wou hê, nie met God gepraat nie, maar na 'n waarsegster - iemand wat jou toekoms voorspel - toe gegaan. Hieroor was die Here baie ontevrede. Saul het nie vir Hom gewerk soos wat die Here dit wou hê nie. Daarom het God sy Gees, wat vir Saul gehelp en gelei het, van hom af weggeneem. Hierna het dit sommer baie sleg met Saul gegaan. Die eens gewilde koning het siek en bang geword. Sonder God se hulp het hy nie langer geweet hoe om oor die volk te regeer nie. Saul kon nie langer koning wees nie, God moes 'n nuwe koning kies om aan Hom gehoorsaam te wees en sy volk te lei.

Vertel weer

Laat die kinders die verhaal twee-twee vir mekaar terugvertel. Wat het hulle in hulle gedagtes gesien en hoe het hulle gevoel terwyl hulle na hierdie verhaal geluister het?

Kom ons dink saam

1. Hoekom wou die Israeliete 'n koning hê?
2. Hoekom was dit verkeerd om vir 'n koning te vra?
3. God luister na hierdie versoek en gee vir hulle 'n koning soos wat hulle vra. Wat leer dit vir ons van God?
4. Hoekom het God self 'n koning gekies?
5. Hoekom het dit in die begin met Saul goed gegaan?
6. Hoekom het dit later nie meer goed met hom gegaan nie?
7. Wanneer is mense regtig suksesvol? Waaraan kan, en moet, ons dit meet?

Ontdek en leer:

- ✓ Gaan lees hierdie verhaal in 1 Samuel 8 tot 13 en hoofstukke 15 en 18.
- ✓ Saul se verkeerde besluite het hom duur te staan gekom. Kan jy aan 'n keer dink wat jy, soos Saul, net maar jou eie kop gevolg het en later baie spyt was?
- ✓ Leer en onthou: *"Hou jou aan wat die Here jou God vir jou voorskryf en lewe daarvolgens."* 1 Konings 2 vers 3
- ✓ Bid elke dag: *"Here, ons kan nie ons werk doen as U ons nie daarmee help nie. Help my asseblief om altyd gehoorsaam te wees."*